



**JANUARIE**



1 JANUARIE

# GOD SE SKEPPING

**Waar die son opkom en ondergaan aan die begin van hierdie nuwe jaar, kom ons loof God vir sy wonderbaarlike skepping. Beleef die kleure, geure en geluide van die skepping en geniet dit elke dag opnuut.**

<sup>1</sup>In die begin het God die ganse heelal geskep, die hemel daarbo en die aarde hieronder. <sup>3</sup>Toe beveel God: “Laat daar lig wees!” en dit was so. <sup>5</sup>God het die lig “dag” genoem en die donkerte “nag”. Dit alles het op die eerste dag gebeur.

<sup>6</sup>God het beveel: “Laat daar skeiding kom tussen die waters!” <sup>8</sup>God noem toe die blou koepel “hemel”. Dit het op die tweede dag gebeur.

<sup>9</sup>God het beveel: “Laat die water op die aarde op een plek bymekaarkom sodat die droë grond te voorskyn kan kom!” Dit het presies so gebeur. <sup>13</sup>Dit het op die derde dag gebeur.

<sup>14</sup>God het beveel: “Laat daar ligte wees aan die hemelkoepel sodat dag en nag onderskei kan word en dit ook kan dien as tekens om seisoene, dae en jare te bepaal.” <sup>19</sup>Dit het op die vierde dag gebeur.

<sup>20</sup>God het verder beveel: “Laat die waters wemel van lewendes en laat voëls bo in die lug oor die aarde vlieg.” <sup>23</sup>Dit het op die vyfde dag gebeur.

<sup>24</sup>God het weer beveel: “Laat die aarde allerlei soorte diere oplewer: mak diere, diere wat kruip en wilde diere – almal na eie aard.” Dit het presies so gebeur.

<sup>26</sup>God sê toe: “Laat Ons ’n mens maak wat met Ons ooreenstem om te heers oor die visse in die see, oor die voëls in die lug, oor die mak diere, oor die wilde diere, en oor alles wat op die aarde kruip.” <sup>31</sup>God het na sy handewerk gekyk en dit was uitstekend goed. Dit alles het God op die sesde dag gemaak.

~ Genesis 1:1, 3, 5-6, 8-9, 13-14, 19-20, 23-24, 26, 31



2 JANUARIE

## RUS

**Dit was nooit God se bedoeling dat ons sewe dae 'n week moet werk nie. Ons Skepper het 'n dag geneem om te rus nadat Hy alles geskep het. Hoeveel te meer het ons, sy skepsels, nie ook vredsamese rus nodig nie?**

<sup>1</sup>So is die skepping van die hemel en die aarde en alles wat daarin is, voltooi. <sup>2</sup>Op die sewende dag was God klaar met alles wat Hy gemaak het en Hy het op die sewende dag na al sy werk gerus. <sup>3</sup>God het ook die sewende dag geseën. Hy het bepaal dat dit afgesonder moet word van die ander dae omdat Hy op daardie dag gerus het nadat Hy sy skeppingswerk gedoen het. <sup>4</sup>Dit is dan die geskiedenis van die skepping van die hemel en die aarde.

Toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het, <sup>5</sup>was daar nog geen struik of groen gras op die aarde nie, want die Here God het dit nog nie laat reën nie. Daar was nog nie 'n mens wat die grond kon bewerk nie. <sup>6</sup>Maar water het uit die aarde opgeborrel en so is die grond natgemaak.

<sup>7</sup>Toe vorm die Here God 'n menslike liggaam uit die stof van die aarde. Nadat Hy die asem van die lewe daarin geblaas het, het dit 'n lewende wese, die mens, geword.

<sup>8</sup>Daarna het die Here God 'n tuin in Eden in die ooste geplant. Hy het die mens wat Hy geskape het daarin laat woon. <sup>9</sup>Die Here God het ook verskillende soorte bome uit die grond laat opkom. Dit was mooi bome met heerlike vrugte. Die boom van die lewe het Hy in die middel van die tuin geplant en ook die boom van kennis van wat reg en verkeerd is.

<sup>10</sup>'n Rivier wat in Eden ontspring het, het water na die tuin gebring en daar in vier strome verdeel.

~ Genesis 2:1-10